

‘n EKONOMIESE BENADERING TOT MEGANISASIEBESTUUR

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

INLEIDEND: DIE DOELTREFFENDHEID VAN MASJINERIE

Die gebruik van masjinerie toon vir etlike dekades reeds regoor die wêreld ñ aanhoudende toename. Hierdie tendens sal aanhou solank as wat dit produksiekoste op ñ direkte of indirekte wyse verminder. ñ Ekonomiese benadering tot meganisasiebestuur beteken dat ñ meganisasiestelsel waarde tot die wins moet voeg maar dan moet die meganisasieprosesse op die toepaslike tyd en binne die beperkte tydspanne uitgevoer word.

Die doelwit van meganisasiebestuur is dat dit op ‘n koste-effektiewe manier tot totale bestuur moet bydra. ‘n Begrip van die verskillende koste-komponente en die toepassing van behoorlike ekonomiese beginsels op die meganisasiestelsel sal positief tot die wins van ‘n boerdery bydra.

DOELTREFFENDHEID VAN TYD

Masjinerie word nie elke oomblik gebruik nie. Dit staan baie keer onaktief omdat dit onmoontlik is om ñ masjien 100% doeltreffend uit ñ tydsoogpunt te gebruik as gevolg van die volgende:

- Voorbereidingstyd by die opstal;
- Reistyd vanaf die opstal na die werksplek;
- Voorbereidingstyd voor en na operasies by die werksplek;
- Omdraaiing op die land;
- Oplaa- en aflaaityd van byvoorbeeld saad en kunsmis;
- Verstellingstyd;
- Onderhoud (Brandstof en smering);
- Hersteltyd;
- Operateur se rustyd.

Al hierdie faktore verhoog die gebruikskoste van masjinerie en hoe beter dit bestuur word, hoe meer produktiewe tyd kan die masjinerie op die land spandeer. Laasgenoemde is die aktiwiteit wat waarde tot wins voeg.

DIE DOELTREFFENDHEID VAN DIE MASJIE

Die doeltreffendheid van masjinerie kan in finansiële terme gemeet word. Twee aspekte moet gemeet word naamlik die koste van kapitaal en die operasionele koste.

Kapitaal

Die koste van kapitaal kan gemeet word as die belegging per bewerkbare hektaar deur die huidige markwaarde van die masjinerie deur die aantal hektare te deel. Hoe laer hierdie koste, hoe meer doeltreffend is die koste van kapitaal van die masjinerie.

Operasionele koste

Hierdie koste kan ook in terme van bewerkbare hektare bereken word. Die optimale punt van masjineriekoste is die punt waar die verskil tussen die kapitale en operasionele koste saam gelyk is aan die waarde wat die masjinerie tot die wins voeg.

ABNORMALE MASJINERIEKOSTE

Wanneer die doeltreffendheidsmaatstawwe aandui dat masjineriekoste abnormaal hoog is, is dit waarskynlik dat die volgende faktore moontlik die oorsaak daarvan is:

- -n Oorgemeganiseerde stelsel sonder -n gepaardgaande kostebesparing;
- Die regte meganisasiestelsel maar sonder -n besparing in arbeidskoste;
- Meganisasie sonder die regte bykomende toerusting;
- Te veel kapasiteit: te veel of te groot masjiene;
- Ontoereikende spesialisasie: te veel of te klein vertakkings met -n volle stel masjinerie vir elkeen;
- Klein boere wat nuwe in plaas van goeie tweedehandse masjinerie koop;
- Te vroeë vervanging van masjinerie wat nog in goeie werkbare toestand is;
- Onnodige aankope om belasting te vermy;
- Te min gebruik van kontrateurs;
- Onnodige herstelkoste as gevolg van te min onderhoud, verkeerde aanwending of te lae vlakke van operateursvaardigheid;
- Onnodige brandstofkoste;
- Vermorsing van meganisasie.

Daar is -n fyn balans tussen oortollige en net die regte hoeveelheid meganisasiestelsel. Wanneer die masjinerie meer kos as die waarde wat dit tot wins voeg is die meganisasiestelsel onekonomies.

VERHOGING VAN DOELTREFFENDHEID

Daar is verskeie tegnieke wat toegepas kan word om die doeltreffendheid van masjinerie te verhoog. Daar is reeds verwys na die optimale grootte van die meganisasiestelsel maar daar is ook drie verdere terreine wat -n impak op die doeltreffendheid van masjinerie het.

Onderhoud

Daar is -n duidelike verskil tussen onderhoud en herstel. Hoe meer voorkomende onderhoud die boer aan masjinerie doen, hoe minder reparasies gaan hy hoef te doen. Deurlopende toesig en behoorlike opleiding van operateurs kan -n verskil aan onnodig hoë reparasiekoste maak.

Operasioneel

Die manier waarop die masjien aangewend word sal beide die reparasiekoste en die werksdoeltreffendheid beïnvloed. Die werkspoed moet so gestel wees dat die masjien tot sy beste kapasiteit aangewend word sonder om dit te oorlaai of om werkskwaliteit in te boet.

Uitbreiding van gebruik

Dit is nie kostedoeltreffend om -n masjien te min te gebruik nie. Die rede hiervoor is dat -n deel van masjineriekoste vas is en dus akkumuleer al word die masjien nie gebruik nie. In sulke gevalle kan daar kontrakwerk vir ander persone gedoen word om die vaste koste te verhaal.

Vervanging

Een van die moeilikste besluite in meganisatiebestuur is om -n gebruikte masjien op die regte tyd te vervang. Hierdie onderwerp sal later volledig bespreek word. Vir nou is dit net nodig om te meld dat -n oomblik te laat -n groot verskil aan meganisatiekoste kan maak.

SLOTSOM

Die kombinerings van die regte kragbron met die regte implement is van deurslaggewende belang om die beste doeltreffendheid van die belegging in masjinerie te kry. Hierdie kombinasie moet dan volgehou word deur middel van -n onderhoud- en herstelprogram en -n gereelde vervanging van uitgediende masjinerie. Kennis van die verskillende kostekomponente wat by meganisatiebestuur betrokke is en die kennis om hierdie kostekomponente te bestuur sal die boer help om -n optimale opbrengs op sy belegging in masjinerie te kry.